

## HOOFSTUK 5

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

#### 5.1 INLEIDING

Met die navorsing is daar ondersoek ingestel na die effek van *Gestalt*speltherapie op die selfbeeld van die leergestremde leerder. In Hoofstuk 1 is die navorsingstrategie beskryf waarna die literatuurstudie in Hoofstukke 2 en 3 beskryf is. Die uitvoering van die empiriese navorsing en die bevindings daarvan is in Hoofstuk 4 uiteengesit. Vervolgens volg daar samevattings en gevolgtrekkings van hierdie onderskeie hoofstukke gemaak.

Tydens die uitvoering van die empiriese studie het dit geblyk dat daar sekere leemtes in die navorsing was. Aanbevelings rakende hierdie leemtes word gemaak. Die bevestiging van die navorsingsprobleem, die beantwoording van die navorsingsvraag en die bereiking al dan nie van die doel en doelwitte word onderskeidelik ook beskryf.

#### 5.2 HOOFSTUK 1

##### 5.2.1 Samevatting

In die vroeë middelkinderjare is die leerder besig om verskeie vaardighede aan te leer. Wanneer hy egter onsuksesvol is in die aanleer van hierdie vaardighede ervaar hy 'n gevoel van minderwaardigheid. Dit is in dié opsig dat die studie van die leergestremde leerder van belang is. Hierdie leerder ervaar probleme met lees-, skryf- en wiskundige vaardighede. Voordat sy leergestremdheid egter raakgesien word, ervaar hy gereelde akademiese mislukkings en vernederings op skool. Sulke ervarings gee aanleiding daartoe dat hy ontoereikend en

minderwaardig voel. Hierdie gevoelens beïnvloed die leerder se verdere motivering tot leer. Hy verkies om verdere mislukkings en verleentheid te vermy deur homself te onttrek en om skoolwerk te vermy. Die leergestremde leerder maak dan negatiewe self-evaluasies wat aanleiding gee tot 'n swak selfbeeld wat weer verdere akademiese prestasie beïnvloed.

Die hantering van die leergestremde leerder in Suid-Afrika onderlê die motivering vir die studie. Tans word in Suid-Afrikaanse skole aandag gegee aan die verbetering van die leergestremde leerder se akademiese prestasie deur die samewerking van verskeie terapeute soos byvoorbeeld 'n arbeidsterapeut, spraakterapeut en remediërende opvoeder. Tyd en geld verhoed egter dat terapeutiese insette tot die leerders se emosionele stand (dit sluit sy selfbeeld in) gemaak word. Tog is die leerder 'n holistiese organisme wat behels dat sy kognisie en emosies mekaar wedersyds beïnvloed. Daarom is dit belangrik dat daar aan beide hierdie aspekte aandag geskenk word. Dié werklikheid het daartoe gelei dat die onderhawige navorsing onderneem is om die selfbeeld van die leergestremde leerder aan te spreek deur die gebruik van *Gestalt*speltherapie.

Hierdie toegepaste, kwantitatiewe navorsing is verkennend van aard. Die navorsing is toegepas omdat teoretiese insigte op die werklikheid toegepas word en is kwantitatief omdat dit op 'n spesifieke navorsingsvraag gebaseer word en daar van toetsing en meting gebruik gemaak word. Die kwantitatiewe aard van die navorsing word wel verryk met kwalitatiewe data wat gedurende terapie bekom is.

Om die doelstelling te meet, nl. of *Gestalt*speltherapie 'n effek op die selfbeeld van die leergestremde leerder gehad het, is die enkelstelselontwerp gebruik. Dit behels 'n basislyn in die vorm van 'n vraelys wat voor en na die terapeutiese insette toegepas is, voltooi is om uiteindelik 'n vergelyking te maak.

## 5.2.2 Gevolgtrekkings

Uit die beskrywing in hoofstuk 1 blyk dit dat:

- die leergestremde leerder se selfbeeld negatief beïnvloed word deurdat hy gereelde mislukkings ervaar en sodoende negatiewe self-evaluasies maak.
- 'n swak selfbeeld die leerder se waagmoed om te leer en nuwe dinge te probeer verder beïnvloed.
- daar in die Suid-Afrikaanse skoolkonteks aandag gegee word aan die verbetering van die leergestremde leerder se akademiese vaardighede en dat sy emosionele stand op die agtergrond geskuif word.
- die leerder vanuit die *Gestalt*perspektief 'n holistiese organisme is wat die somtotaal is van o.a. sy kognitiewe vaardighede, gedrag, emosionele ervarings en sosiale verhoudinge.
- die selfbeeld van die leergestremde leerder ook aandag moet geniet en dat gepoog moet word om dit te verbeter.
- *Gestalt*speltherapie poog om die leerder deur bewustheid te lei om sy negatiewe eienskappe te aanvaar en deur klem te lê op sy positiewe eienskappe, sy selfregulering te verhoog.
- *Gestalt*speltherapie aan die leerder die geleentheid kan bied om positiewe self-evaluasies te maak en sodoende sy selfbeeld te versterk.
- toegepaste kwantitatiewe navorsing volgens die enkelstelselontwerp ideaal is om die effek van *Gestalt*speltherapie op die selfbeeld van die leergestremde leerder te verken.

## 5.3 HOOFSTUK 2

### 5.3.1 Samevatting

Die leergestremde leerder maak evaluasies van sy wêreld en van homself as individu deur sy ervarings en terugvoer vanuit sy omgewing. Hierdie ervarings en terugvoer beïnvloed m.a.w. hoe hy homself sien en ervaar – sy self-evaluasies – wat weer 'n invloed op sy selfbeeld het.

Leergestremdheid is 'n komplekse fenomeen. Leergestremdheid is wanneer die leerder se vaardighede om te interpreteer wat hy sien of hoor of om informasie van verskeie dele van sy brein te koppel, ge-afekteer word. Daar is dan 'n diskrepansie tussen die leerder se vermoë en sy vaardighede. Die leerder ervaar dikwels frustrasie en mislukking met leeraktiwiteite. Hierdie negatiewe gevoelens gee aanleiding tot negatiewe self-evaluasies wat uiteindelik 'n swak selfbeeld tot gevolg het. Die selfbeeld is egter dinamies van aard en kan verander word. Daarom is dit nodig dat die leerder geleentheid tot positiewe self-evaluasie kry.

### 5.3.2 Gevolgtrekkings

- Die leerder bestaan nie in 'n vakuum nie, maar leer van sy omgewing d.m.v. verskeie vorme van leer nl. klassieke en operante kondisionering, waarneming, nabootsing en die oordrag van inligting d.m.v. kommunikasie.
- Verskeie terreine van ontwikkeling beïnvloed wie die leerder as mens is. Hierdie terreine se vele invloede dra by tot sy self-evaluasie en selfbeeldvorming.
- Reg deur die leerder se lewe beïnvloed sy interaksies sy siening van homself. Die self is die raamwerk wat bepaal hoe die leerder informasie rakende homself prosesseer.

- Die self kan verdeel word in die ideale self en ware self. Die ideale self behels wie die leerder graag wil wees en ontstaan as gevolg van 'n gevoel van minderwaardigheid. Die ware self weer is hoe die leerder homself werklik beleef. Die leerder met 'n positiewe selfbeeld se ideale en ware self stem min of meer ooreen.
- Selfkonsep is die kognitiewe beeld wat 'n leerder van homself het wat gevorm word uit alles wat hy ervaar, nl. gebeure uit die verlede, huidige ervarings en toekomsverwagtinge.
- Selfbeeld is 'n affektiewe gevoel of houding wat 'n leerder omtrent homself vorm deurdat hy self-evaluasies maak oor sy bekwaamdheid in sekere vaardighede asook deur sosiale vergelyking.
- Die mate waartoe die leerder se behoeftes bevredig word, speel 'n rol in die vorming van sy selfbeeld. Wanneer sy behoeftes bevredig word, ervaar die leerder dat hy suksesvol en belangrik is en dit gee aanleiding tot positiewe self-evaluasie.
- Ander faktore wat belangrik is by die vorming van die leerder se selfbeeld is sy opvoeder en skoolervaring, asook sy primêre versorger tuis.
- Alle leerders ervaar met tye mislukkinge en negatiewe terugvoer. Dit is egter wanneer hierdie ervaring by die negatiewe vashaak dat dit die leerder se wording strem en hy 'n negatiewe selfbeeld ontwikkel.
- Wanneer die leerder homself in meer as een veld as ontoereikend ervaar, bestaan die kans dat hy 'n negatiewe selfbeeld sal ontwikkel.
- Positiewe terugvoer en erkenning gee aan die leerder die geleentheid om positiewe self-evaluasies te maak wat 'n positiewe invloed op sy selfbeeld het.

## 5.4 HOOFSTUK 3

### 5.4.1 Samevatting

Die terapeut en leerder kommunikeer met mekaar op die leerder se vlak d.m.v. 'n medium, nl. spel. Deur met die medium te speel, projekteer die leerder sy ervarings en gevoelens. Hierdie medium plaas geen druk op die leerder nie en is iets wat alle leerders kan doen en geniet.

Terwyl die leerder sy ervarings en gevoelens uitspeel en op die medium projekteer, werk die terapeut aan sy bewustheid van sy prosesse en gevoelens sowel as die aanvaarding van verantwoordelikheid vir homself. Hierdie bewusmaking geskied in 'n veilige vertrouensverhouding tussen die terapeut en leerder. Deur die bewusmaking kry die leerder geleentheid tot positiewe self-evaluasies en die uiteindelijke versterking van sy selfbeeld.

### 5.4.2 Gevolgtrekkings

- Die *Gestalt*benadering is saamgestel uit verskeie benaderings en filosofieë bv. Freudiaanse psigo-analise en *Gestalt*sielkunde.
- Fritz Perls het hierdie unieke terapeutiese model ontwikkel. Verskeie beginsels is belangrik in die teorie en elkeen kan apart gesien word, maar vorm deel van die groter *Gestalt*benadering. Met *Gestalt* word verstaan dat die geheel meer is as die som van die dele.
- 'n Belangrike *Gestalt*beginsel is selfbewustheid. Vir die leerder om verandering in sy lewe te bewerkstellig, moet hy bewus wees van sy gedrag en hoe dit ander en homself direk en indirek beïnvloed.
- 'n Verdere *Gestalt*beginsel is self-regulering. Deur selfbewustheid word die leerder bewus van sy behoeftes (figuur op die voorgrond) en word dit bevredig deur self-regulering (skuif die figuur na die agtergrond). Selfbewustheid en self-regulering vind plaas in die hier en nou. Wanneer

die leerder nie sy behoefte kan bevredig nie, ontstaan 'n onvoltooidheid. So sluit al die *Gestalt*beginsels nou by mekaar aan.

- Bewustheid in die hier en nou word verkry deur van *Gestalt*-taaltegnieke of semantiese opklaring gebruik te maak nl. “ek”-taal, vervanging van “kan nie” met “wil nie”, geen skinder nie en die verandering van vrae na standpunte.
- Die basis van *Gestalt*speltherapie is om by die leerder te bly in die hier en nou en dit impliseer om met wat op die leerder se voorgrond is, te werk.
- Belangrike beginsels van *Gestalt*speltherapie is die terapeutiese verhouding, kontak van die leerder met sy omgewing, bemagtiging van die leerder en selfvertroeteling.
- Therapie geskied deur verskeie mediums wat ingedeel word in die onderskeie spelvorms nl. kreatiewe of skeppende spel (sandbak en teken), gedramatiseerde spel (handpoppe en rollespel) en biblio-spel (stories).
- Verder word verskeie speltherapie-tegnieke gebruik bv. die leë stoel tegniek, roosboomtegniek, monstertegniek en droomtegniek. Deur die tegnieke word die leerder gelei om 'n projeksie in/met die medium te maak.
- *Gestalt*speltherapie is 'n nie-bedreigende terapeutiese metode om met die leergestremde leerder te werk. Hy kommunikeer op 'n nie-problematiese wyse nl. deur spel. Hier word die leerder ook nie veroordeel wanneer hy wel skryf- of leesfoute begaan nie.
- Die leergestremde leerder word die geleentheid gebied om sy sin van self te versterk en sodoende sy selfbeeld te verhoog.

## 5.5 HOOFSTUK 4

### 5.5.1 Samevatting

Deur hierdie navorsing moes daar vasgestel word of *Gestalt*speltherapie 'n effek op die selfbeeld van die leergestremde leerder het. Om dit te kon doen is daar 'n meting voor en weer na die terapie met die leerder gedoen. Hierdie metings is met mekaar vergelyk om vas te stel of daar wel 'n effek was en indien wel, wat hierdie effek was.

Hierdie metings is gedoen in die vorm van 'n vraelys wat 'n verwerking is van Rosenberg se Selfbeeld-vraelys. Die vraelys is in Afrikaans vertaal en die taalkonstruksie is vereenvoudig met inagneming van die leerder se ontwikkelingsvlak en leergestremdheid. Die opvoeders het op hulle eie tyd die vraelys voltooi, terwyl die leerders dit volgens 'n grafiese metode saam met die terapeut voltooi het. Daar is besluit dat die leerders dit grafies voltooi omdat hulle met 'n gewone vraelys gekonfronteer sou word met dit wat juis vir hulle problematies was. Die vraelys is deur die gebruik van 'n lae-tegnologie-kommunikasiehulpmiddel, nl. *Talking Mats*® voltooi. Hierdie hulpmiddel verskaf 'n struktuur waardeur informasie d.m.v. simbole voorgestel word.

Die *Gestalt*benadering waarvolgens gewerk is, het verhoed dat 'n vooropgestelde terapeutiese program gevolg is aangesien dit wat toe op die leerders se voorgrond was, aandag geniet het in terapie. Daar is wel vooraf besluit op sekere mediums en tegnieke wat dan ook beskryf is. Die verloop van die terapie is in gevallestudies per sessie weergegee .



### 5.5.2 Gevolgtrekking

- Die resultate van die navorsing is verkry deur 'n vergelyking van die eerste en tweede basislyne.
- Die vergelyking van die leerders se eerste en tweede basislyne het 'n verbetering in hulle selfbeeld getoon.
- Die leerders se resultate het soos volg daar uitgesien: by twee leerders is daar slegs 'n een-punt verbetering, drie leerders het met drie punte elk verbeter en nog vier leerders het onderskeidelik met vier, vyf, ses en sewe punte verbeter. Die grootste verbetering was 11 punte.
- Volgens die vergelyking van die opvoeders se eerste en tweede basislyne is daar ook 'n verbetering in die leerders se selfbeeld. Volgens die opvoeders het een leerder 'n afname in sy selfbeeld getoon wat moontlik toegeskryf kan word aan problematiese huislike omstandighede.
- Volgens die opvoeders is die resultate as volg: een leerder het 'n eenpunt verbetering getoon en twee leerders het elk met drie punte verbeter. 'n Verdere drie leerders het elk onderskeidelik met vyf, ses en sewe punte verbeter. Een leerder het 'n 13-punt verbetering in haar selfbeeld getoon terwyl twee leerders dieselfde punte behaal het. Die leerder wat 'n afname getoon het, het met vyf punte verswak.
- *Gestalt*speltherapie blyk 'n positiewe effek op die selfbeeld van die leergestremde leerders te gehad het.
- Uit die terapie het dit egter duidelik geword dat die leerder se huislike omstandighede 'n groot invloed op hulle selfbeeld gehad het.
- *Gestalt*speltherapie werk met dit wat op daardie stadium op die leerder se voorgrond is. Waar sy huislike omstandighede op sy voorgrond was, was dit hanteer.

## 5.6 AANBEVELINGS

Tydens die verloop van die navorsing het dit duidelik geword dat daar sekere leemtes in die navorsing was. Sodanige leemtes is nie in Hoofstuk 4 vermeld nie. Indien daar in die toekoms met hierdie onderwerp gewerk word, word aanbeveel dat die volgende aangeleenthede aandag geniet.

### 5.6.1 Ouerbegeleiding

Uit die navorsing het dit duidelik geblyk dat die leerder se huislike omstandighede en die ouer as primêre versorger 'n groot rol in die leerder se selfbeeld speel.

Alhoewel die navorser steeds van die opvoeder gebruik sal maak om die selfbeeldvraelys in te vul, moet die ouer egter betrek word by ouerbegeleiding waar die leerder se selfbeeld en die ouer se rol bespreek word. Die rede waarom die opvoeder steeds betrokke moet wees by die invul van die vraelys, is juis die rede waarvoor die opvoeder by die huidige navorsing betrek was. Die opvoeder as professionele persoon beskik oor kennis van die onderwerp, nl. die leergestremde leerder, sowel as die selfbeeld van die leerder. Daarmee saam spandeer die leerder baie tyd onder die toesig van sy opvoeder en kan die opvoeder as 'n meer objektiewe observeerder van die leerder beskou word.

Deur egter die ouer by ouerbegeleiding te betrek, word die intervensie verbreed. Die leerder het terapie vir 'n halfuur een maal per week ontvang en alhoewel dit genoegsaam was om 'n positiewe effek op hulle selfbeeld te gehad het, behoort 'n bydrae deur hulle ouers 'n verdere effek teweeg te bring. Behalwe om toestemming tot die terapie en navorsing te gee, het die ouer egter in hierdie navorsing geen noemenswaardige rol gespeel nie.

Tydens ouerbegeleiding moet daar aan die ouer verduidelik word wat selfbeeld is en wat dit behels, asook hoe 'n leerder met onderskeidelik 'n swak of sterk selfbeeld optree en die invloed daarvan op sy skoolwerk, m.a.w. hoekom dit nodig is om die leerder se selfbeeld te versterk. Verder moet die ouer se rol wat hy/sy by die ontwikkeling van die leerder se selfbeeld speel, uitgelig word en moet die ouer en terapeut saam riglyne of idees bespreek oor hoe die ouer kan help om die leerder se selfbeeld te versterk. Tesame met die tweede basislyn kan daar dan van die ouer verwag word om aan te toon wat tuis gedoen is om die leerder se selfbeeld positief te beïnvloed.

### 5.6.2 Rol van die skool

In die navorsing het dit duidelik geword dat die leerders se ervaring van hulle skoolsituasie tog nie die grootste rol in hulle selfbeeld gespeel het soos aanvanklik verwag is nie. Die navorsing is in 'n skool vir gespesialiseerde onderwys uitgevoer, m.a.w 'n skool waar al die leerders akademiese probleme ervaar het. As aanbeveling kan die navorsing moontlik herhaal word met leerders wat in die hoofstroom-onderwys is wat leerprobleme ervaar.

Om te verseker dat die opvoeder nie die leerder positief evalueer slegs omdat hy deelgeneem het aan 'n terapeutiese program nie, kan daar met die tweede basislyn van die opvoeder verwag word om voorbeelde van verandering by die leerder aan te toon.

### 5.6.3 Uitvoering van die navorsing

In hierdie navorsing is nie net vasgestel of daar 'n effek op die selfbeeld van die leergestremde leerder was na deurloping van 'n sesweke-*Gestalt*speltherapie-program nie, maar ook die aard van die effek, nl. of dit positief of negatief was. Die moontlikheid dat ander veranderlikes ook 'n rol gespeel het, kan nie uitgesluit word nie. Om hierdie veranderlikes te beheer, kan die effek in toekomstige

navorsing vasgestel word deur die verandering in die leerders te meet teen 'n kontrolegroep leerders wat nie die program deurloop het nie.

## 5.7 NAVORSINGSPROBLEEM, NAVORSINGSVRAAG EN NAVORSINGSDOELWITTE

### 5.7.1 Die navorsingsprobleem

Die navorsingsprobleem wat aandag geniet het tydens die navorsing is:

*Die leergestremde leerder word blootgestel aan negatiewe self-evaluasie as gevolg van herhaalde mislukkings wat dikwels 'n verlaagde selfbeeld tot gevolg het.*

Tydens die eerste basislyn het dit duidelik geword dat die leergestremde leerder negatiewe self-evaluasies maak wat hulle selfbeeld beïnvloed. Met die uitvoering van die navorsing het dit egter duidelik geword dat die leerders se negatiewe self-evaluasie nie net deur die ervaring van akademiese mislukkings ge-afekteer is nie. Die leerders se self-evaluasie is wesenlik beïnvloed deur hulle huislike omstandighede en hulle primêre versorgers. Laasgenoemde is wel in ag geneem tydens die literatuurstudie, maar dit was nie verwag om die grootste rol te speel nie. Die navorsingsprobleem is dus bevestig maar dit blyk dat twee verdere veranderlikes 'n belangrike impak op negatiewe self-evaluasie en 'n verlaagde selfbeeld van leerders gehad het

### 5.7.2 Die navorsingsvraag

Die vraag wat die navorsing gerig het is:

*Kan Gestaltspeltherapie 'n positiewe effek hê op die selfbeeld van die leergestremde leerder?*

Om vas te stel of die sesweke-*Gestalt*speltherapie-program 'n effek op die leergestremde leerders gehad het, en of die effek positief of negatief van aard was, is 'n meting voor en na die terapie geneem. Hierdie meting of basislyn is 'n verwerking van Rosenberg se selfbeeldvraelys en beide die opvoeders (in geskrewe vorm) en die leerders (op grafiese wyse) die vraelys voltooi. Met verwerking van die vraelys het elke leerder 'n telling uit 20 gehad, met 1 as 'n lae/negatiewe selfbeeld en 20 as 'n hoë/positiewe selfbeeld. Die tellings voor en na die terapie is vergelyk om die effek wat die terapie gehad het vas te stel. Elke leerder het twee tellings voor en twee tellings na die terapie gehad – een deur sy opvoeder en een deur homself – om 'n akkurate beeld te verseker.

Uit 20 na-terapeutiese basislyne (10 leerders met 2 elk soos hierbo vermeld) het 17 'n positiewe verbetering getoon. Die verbetering in die telling het dus getoon dat *Gestalt*speltherapie wel 'n effek op die selfbeeld van die leergestremde leerders gehad het. Die verbetering het ook gewys dat die effek van 'n positiewe aard was. Hiermee is die navorsingsvraag beantwoord.

### 5.7.3 Doel en doelwitte

Die doel van die studie was:

*Om die effek wat Gestaltspeltherapie op die selfbeeld van die leergestremde leerder het, te verken.*

Deur die eerste en tweede basislyne met mekaar te vergelyk, is die effek van *Gestalt*speltherapie met die leerder op sy selfbeeld bepaal. Die resultate het bewys dat daar wel 'n effek was en dat dit grootendeels positief van aard was. Sodoende is die doel van die navorsing bereik.

Alhoewel daar met die navorsing bevind is dat die skool 'n mindere effek op die leerders se selfbeeld gehad het as wat hul primêre opvoeders gehad het, het dit nie 'n invloed op die doel van die navorsing gehad nie. *Gestalt*speltherapie werk met dit wat in die hier en nou op die leerder se voorgrond is: "...the child leads the way. The therapist follows (Axline, 1976:119). Met hierdie beginsel het dit wat toe die grootste invloed op die leerder gehad het, aandag geniet. Dit was m.a.w. nie soseer 'n spesifieke terapeutiese program wat 'n effek op die leergestremde leerder se selfbeeld gehad het nie, maar eerder die benadering van *Gestalt*speltherapie wat gevolg is. Daarom kan aanvaar word dat die doel van die navorsing bereik is.

Die onderskeie doelwitte het bygedra tot die bereiking van die oorhoofse doel en is in die navorsing bereik. Dit behels 'n grondige literatuurstudie rakende *selfbeeld* en *Gestalt*speltherapie in Hoofstukke 2 en 3 waardeur duidelikheid oor die onderskeie temas verkry is. Deur die toepassing van 'n basislyn voor en weer na die terapie, is bepaal dat *Gestalt*speltherapie 'n effek op die leergestremde leerders se selfbeeld gehad het. In Hoofstuk 4 is die effek van *Gestalt*speltherapie-tegnieke op die leergestremde leerder beskryf in die vorm van gevallestudies. Daarna is gevolgtrekkings en aanbevelings rakende die studie beskryf.

## 5.8 FORMULERING VAN HIPOTEESES

Met die navorsing is daar op spesifieke elemente gefokus wat voortgevloei het uit die navorsingprobleem. Tydens die uitvoering van die navorsing het dit egter duidelik geword dat ander veranderlikes ook 'n rol gespeel het. Met inagneming van hierdie veranderlikes kan die volgende hipoteses geformuleer word:

*Die effek van Gestaltspeltherapie op die selfbeeld van die leergestremde leerder sal bevorder word as dit in samehang met ouerbegeleiding geskied.*

*Daar is 'n verskil in die invloed wat leergestremdheid op die leerder se selfbeeld het tussen die leerder in die hoofstroom-skool en die leerder in 'n skool, vir gespesialiseerde onderwys.*

## 5.9 SLOTOPMERKING

Die leergestremde leerder is uniek in die sin dat hy akademiese probleme ervaar. In die literatuur word gemeld dat hierdie leerder as gevolg van sy probleme op skool gereeld blootgestel word aan akademiese mislukkings. Aangesien hierdie mislukkings sy evaluasie van homself beïnvloed, kan dit 'n negatiewe selfbeeld tot gevolg hê. Dit het ook duidelik geword gedurende die navorsing dat hierdie element nie die enigste invloed op die leerders se selfbeeld was nie, maar dat hulle huislike omstandighede en hul primêre opvoeders 'n groot rol gespeel het in die leerders se selfbeeld.

Die doelstelling van die navorsing was om te bepaal of *Gestalt*speltherapie 'n effek op die selfbeeld van die leergestremde leerder het, onafhanklik van dit wat sy selfbeeld beïnvloed. Juis omdat *Gestalt*speltherapie gelei word deur die leerder en dit wat op daardie stadium op sy voorgrond is, het dit nie saak gemaak of die invloede vooraf korrek voorspel is nie. Deur die eerste en tweede basislyne met mekaar te vergelyk, het dit duidelik geword dat *Gestalt*speltherapie 'n effek op die leerder se selfbeeld gehad het. Hierdie effek was van 'n positiewe aard. Deur die aanbevelings (sien 5.6) in die toekoms deel van *Gestalt*speltherapie te maak, mag die effek op die leerder se selfbeeld selfs groter wees.